

Verlossing – aards of hemels?

Eksodus 20 begin met die woordjie “Toe” (wat weggelaat is in die Kategismus). Hiermee word na ’n spesifieke tydsaanduiding in die geskiedenis verwys. Voor hierdie “Toe” word in die vorige negentien hoofstukke vertel hoe God sy volk Israel, wat in Egipte as slawe behandel is, deur tien plae met ’n sterke hand en uitgestrekte arm bevry en die farao en sy manne in die Rooisee laat verdrink het. Israel was dus reeds verlos toe God in Eksodus 20 sê: “Toe ...”

Maar Israel was nog nie in Kanaän, die beloofde land, nie. Hulle was nog op pad deur die woestyn by Sinaï. Na Eksodus 20 kom nog lang verhale oor hul trekpad voordat hulle in Kanaän sou aankom. Met “Toe ...” sê God dus dat sy volk hulle nog in ’n proses bevind, in ’n transformasie.

Vir ons Christene is die “Toe” gelyk aan elke dag, want “toe” veronderstel ’n voorgeskiedenis van verlossing deur ons Here Jesus Christus, maar ook dat ons nog nie in die hemel is nie – ons is nog in die proses van transformasie.

In hierdie transformasietydperk, wat eintlik ons hele lewe in beslag neem totdat ons in die hemel kom, is die tien gebooie vir ons die voorskrif van die manier hoe God wil hê dat ons in verbondenheid met Hom moet lewe.

Op ’n sekere moment van ons lewens moet daar ook ’n “toe” wees, ’n duidelike afsnydingspunt, ’n bekeringspunt. Eers dán weet jy dat jy nie aan jouself behoort nie, maar aan Jesus Christus. Dan is die tien gebooie inderdaad die rigsgaande van jou lewe.

Sing: Psalm 1:1, 3, 4

Ds. PK Lourens (Bloemfontein-Oos)

~~~~~